



Produksiestadia vir vleisbeeskoeie

ten einde diere se genetiese potensiaal te ontgin

>>> Dr Francois van de Vyver, Nasionale tegniese bestuurder, Herkouers by Nutri Feeds



Duidelike doelwitte in die produksie van vleisbeeste is van uiterste belang om die genetiese potensiaal van vleisbeeste te realiseer. Suksesvolle produsente sal streef na 'n speenpersentasie van ten minste 80 tot 85% en sal goeie rekords hê van o.a. speenmassas en -ouderdom wat gekoppel is aan die betrokke koei.

Dit is egter die herkonsepsietempo van koeie en juis die eerte-kalkoeie wat die grootste uitdaging bied, met 'n gevolglike speenpersentasie van minder as 60% vir laasgenoemde groep diere. Die doelwit vir bevestigde herkonsepsie behoort 82 dae na kalwing te wees (waarvan die norm 90 dae is), ten einde 'n interkalfperiode (IKP) van 365 dae te bereik. Net so is rekordhouding van GDT's en VOV van die speenkalwers belangrik ten einde vordering in die kudde of stoet te eik.

Om bogenoemde doelwitte asook die voorspelde teeltwaardes (VTW) van die diere te bereik, kan die voeding- en algemene bestuur van die koei strategies in vier duidelike en bestuurbare fases verdeel word.

Fase 1 begin met parturisie (kalwing) op dag een en sluit dus laktasie in, waarvan vroeë laktasie die grootste uitdaging aan die koei bied. Die koei se voedingsbehoefte tydens vroeë laktasie is die hoogste van die vier fases en moet die koei se goeie kondisie asook kwaliteit voeding gebruik word om haar tydens dië negatiewe energiebalans-stadium te ondersteun. Verder, met 'n doelwit van 'n IKP van <400 dae beteken dit ook dat die lengte van die fase 'n maksimum van 90 kan wees, waarbinne die koei herbeset moet raak.

Fase 2 strek dan vanaf herkonsepsie totdat die kalf gespeen word (tipies op 180-210 dae ouderdom). Tydens die fase is die koei se voedingsbehoefte steeds hoog en word verdeel na haar onderhoud, melkproduksie om die kalf se groei en ontwikkeling te ondersteun en die vroeë ontwikkeling van die ongebore kalf (fetus, vroeë dragtigheid). Die voedingsbehoefte is wel laer as in fase 1 maar voldoende kwaliteit voeding moet steeds verskaf word sodat die koei kan begin om liggaamsreserwes te herstel.

Sodra die sogende kalf gespeen word op dag 200 - 210 van die koei se produksiesiklus, breek **fase 3** aan. Hierdie fase bied die laagste voedings-uitdaging aan die koei en is die primêre fokus op die herstel van kondisie om die koei gereed te kry vir laat dragtigheid. Die stadium word beskou as mid-dragtigheid en is 'n ideale tyd om die koei ekonomies terug in kondisie te kry aangesien daar nie meer hoë eise weens melklating is nie. In hierdie fase is 'n goeie lekaanvulling voldoende om die tekortkominge van die weiding te komplimenteer.

Fase 4 is die laaste trimester van dragtigheid waartydens die koei nie lakteer nie, maar weer hoë voedingsbehoefte het vir die ontwikkeling van die fetus. Sowat 75% van die totale groei van die ongebore kalf geskied tydens die fase. Verder moet die uier ontwikkel sodat voldoende en kwaliteit kolostrum met partus en hoë melkproduksie direk daarna geproduseer kan word. Laat-dragtigheid word verder gekenmerk deur 'n verlaging in voerinname weens die fisiese beperking op rumenspasie aangesien die kalf verdubbel in grootte. Dus moet die beskikbare voer 'n hoë voedingsstofinhoud hê.

Dit is dus duidelik dat die koei se voedingsbehoefte tydens elk van die verskillende fases dramaties verskil en dat die voedingsprogram elke fase pertinent moet aanspreek.

Deur elk van die fases sorgvuldig te bestuur en hulpmiddels soos kondisietelling, kalfmassas en speenouderdom te gebruik, kan produksiedoelwitte doeltreffend bestuur word.

Die voedingstowwe wat deur die aanvullende voer of lek voorsien moet word sal natuurlik verder afhang van omgewingsfaktore soos reënval wat die kwaliteit van die weiding beïnvloed, die stadium van die jaar waarin elk van die fases val asook die werklike kalfseisoen relatief tot die kwaliteit van die weiveld.

'n Bestuursprogram moet in detail gekoppel word aan elke plaas se jaarlikse voervloei en beplan word saam met ander boerderypraktyke soos saai- en oestyd. **Alleenlik wanneer resultate teen produksiedoelwitte gemeet word, kan die boer werklik die kudde se prestasie aanspreek.**

Vir verdere inligting, kontak gerus Nutri Feeds op 018 011 8888, www.nutrifeeds.co.za of besoek ons op sosiale platforms.



Die volgende diagram is 'n opsomming van die belangrikste aanvullings wat oorweeg kan word ten einde in die produksiedoelwitte van 'n kalf-per-jaar, asook hoë speenmassas van die kalwers te slaag.